# 5 September 2023 - Lesing 118 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Laaste oordeel en die nuwe aarde – 9/10/59

**NO: 7425** Julle kan vir julleself geen korrekte voorstelling maak op welke manier die laaste oordeel sal plaasvind nie, maar dit moet egter vir julle genoeg wees om te weet dat dit ‘n werk sal wees wat van baie korte duur is, met ‘n vernietigingskrag waaraan alles ten offer sal val.

Dan sal julle geen tyd meer hê om julle gedagtes en strewes te verander nie, **want alles sal met so ‘n snelheid geskied dat julle geen tyd meer sal hê om na te dink nie.** Julle sal in die kortste moontlike tyd gevonnis word, dit wil sê, **ten lewe of ten dode in ‘n baie kort tyd.**

Slegs die wat My getrou gebly het tot aan die einde, sal weggeneem word. **Die ontroues sal verslind word deur die aarde,** wat vir hulle siele ‘n hernieude kluistering in die vaste materie sal beteken.

Slegs die mense wat nog ‘n klein vonkie geloof in God sal hê, sal op die laaste oomblik die krag hê om My aan te roep en nog gered word om vir die hernieude kluistering gespaar te bly. En ofskoon hulle nie sal behoort aan die skare wat weggevoer sal word nie, sal ’n ligte lot hul deel wees, omdat hulle ’n nuwe beliggaming as mens toegestaan sal word, waarin hulle hulleself dan sal moet gestand doen.

**Want die tyd op die nuwe aarde is vry van versoekings deur My teenstander wat lank gebind gaan wees, soos wat geskrywe is.**

Dit is ‘n buitengewone daad van genade, waarop maar tog selde aanspraak gemaak sal word. Want die mensdom sal aan die einde van dae **heeltemal aan My teenstander onderwerp wees**. Heel selde sal ‘n mens homself nog kan losmaak van sy kettings in die aangesig van die laaste oordeel, wat vreeslik sal wees.

Want alle mense sal teenoor ‘n ontsettende liggaamlike dood staan, maar voordat hulle veel daaroor sal kan nadink, sal dit reeds geskied het.

En Myne sal getuie wees van hierdie gebeurtenis en, omdat dit My wil is dat hulle My Mag en Heerlikheid, maar ook My regverdigheid en “toorn” teen die sondaars leer ken en daarvan kan getuig solank as wat hulle sal lewe, **want hulle sal die stam vorm van die geslag op die nuwe aarde**.

Die gebeurtenis van die wegneming is ook heeltemal nie voor te stel nie, omdat dit op ’n manier, buite die wet om gebeur en so iets is ook nog nooit op aarde meegemaak nie, naamlik dat mense opgeneem word en in lewende lywe weggevoer word. Ek sal hulle dan ongedeerd verplaas na ‘n **paradysagtige landskap** van waaruit hulle dan weer na die nuwe aarde gebring sal word, sodra sy volgens My Wil gevorm is.

Ek sal nie ‘n lang tyd daarvoor nodig hê nie, want al die geestelike wag met ongeduld op die inlywing in die nuwe skeppings, behorend by hulle graad van rypheid, om hul ontwikkelingsweg voort te sit.

Die daad van die skepping van die nuwe aarde word nie deur menslike oë gesien nie en daarom is dit ook nie nodig vir die mens om ’n bepaalde tydsduur daarvoor in ag te neem nie. En die mense wat weggevoer is, **se tydsbewussyn sal ontbreek**, sodat hulle nie sal kan beoordeel in welke tydsbestek die nuwe aarde ontstaan het nie.

Maar My mag is onbegrens en sal homself openbaar by die skepping van die nuwe aarde. Julle sal nuwe skeppinge te siene kry waarvan julle mense vir julleself geen voorstelling kan maak nie, maar wat diegene onmeetlik salig sal maak wat op hierdie aarde mag lewe. Dit sal waarlik ’n paradys op aarde wees, want die van Myne wat My getrou gebly het in die geloofstryd sal ook hul loon daarvoor ontvang.

Alle mense sou hierdie geluk kan ervaar as julle die kort tyd tot die einde goed wil benut. Maar julle glo nie en **doen niks om die rypheid van julle siele te vergroot nie** en daarom sal elkeen die loon ontvang wat hy verdien.

**‘n Geluksalige lewe in die paradys op die nuwe aarde, of die hernieude kluistering in die skeppings van die nuwe aarde**. Om na ‘n eindeloos lang tyd weer as mens oor die aarde te mag gaan met ’n doel, naamlik die laaste beproewing van die wil. Amein.